



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

AUGUSTUS 2014 Nr 47

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Saam bid en dink ons

Ek sit by my soveelste Sinode. Aanbevelings, besluite, notules, tee, koffie en gewoonlik heerlike verversings en etes. "Wat kos hierdie vergadering per minuut?" vra 'n ouderling vir sy dominee. "Weet nie – gee ook nie om nie, wens dit was al verby." "Daar is baie werk by die gemeente wat wag".

Wanneer ons tee drink en saam eet, is daar tog 'n gemoedelikheid, 'n hartlikheid van saamwees in hierdie werk wat ons die bediening noem. Saam in ons streek, of in Suid-Afrika waar die kerk 'n voetspoor trap... ja, 'n verskil probeer maak. Waar ons Christus verkondig en na plekke bring waar daar so 'n groot behoefte aan Sy teenwoordigheid, liefde en sorg is. Op pad terug van die vergadering, 'n nadenke oor 'n paar dae se intense gesels, interpretasie van besluite en soek na woorde om dit te gaan verduidelik vir dié wat nie daar was nie.

Maar wanneer dit alles verby is, 'n blywende geborgenheid van deel wees van 'n kerkverband. Die wete dat ék nie alleen is nie. Nié alleen hoef te besluit nie. 'n Dankbaarheid dat ons saam nie terugdeins vir die moeilike vraagstukke van ons tyd nie. Juis moed skep, daar waar die verband saam bid, saam dink, my mening kan lug en te wag op die Gees se leiding.

Die "Sinode" en "Sinodes" is soms vinnig verby, maar die uitwerking van bogenoemde het al 'n kerk se rigting verander, gehelp om weer te oriënteer en ekklesiologies nie te stagneer nie. In dié verband tree ons ook in verhouding met ons broers en susters buite ons verband en gee 'n verdere dimensie dat ons sáám nie alleen bid en dink en wag op die Gees se leiding nie.

Daar is 'n broosheid in ons saamwees, want soms ontdek ek my gebrek aan wysheid wanneer die saamdink, ons by 'n beter plek bring. Daar is egter ook in ons verbondenheid aanmekaar en 'n soeke na die antwoorde op alles van ons dag, 'n gerusstelling, 'n vrede dat ons saam tot spesifieke insigte gekom het. Want hier beleef ons telkens: "Waar twee of drie in my Naam vergader..."

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

20 AUGUSTUS 2014:

Tema: *Hoe ons konteks lees en hoe ons daarop reageer met ons bediening en met ons teologie...*

Aanbieder: **Henk van den Bosch**; **Plek:** Bfn, UV, Teologie Gebou, Kamer 120; **Tyd:** 9:30 – 11:00; **VBO-punte:** 2

Registrasie: SMS D49256 en u naam na 31029

25 AUGUSTUS 2014:

Tema: Bediening te midde van geweld, misdaad en moord.

Aanbieder: Dr Anette Prins; **Plek:** Petrus Steyn; **VBO-punte:** 5

Registrasie: SMS D14952 en u naam na 31029

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN

Tema: *Spiritual Leadership*; **Plek:** NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier; **Tyd:** 10:30 – 15:30;

Koste: R150pp – betaalbaar by Pellissier; **VBO-punte:** 5

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029

Hoe om u VBO-punte op die webwerf www.cpdolutions.co.za na te gaan:

1. Gaan na die webwerf www.cpdolutions.co.za
2. Tik u selfoonnommer in by die gegewe spasie.
3. U pinkode behoort outomaties op te kom by die *password or pin* spasie. Indien nie...
4. Click op *Retrieve your pin*. 'n Pinkode sal na u selfoonnommer, wat u ingetik het, gestuur word.
5. Tik nou hierdie pinkode in.
6. U inligting behoort nou op die skerm te vertoon.

As u punte nie op die skerm verskyn nie, kan dit wees dat u gemeente nie aan u naam gekoppel is nie. Doen die volgende:

1. Gaan na www.cpdolutions.co.za/gemeente.
2. Kies 'n Sinode. (Druk *Soek*)
3. Kies 'n Ring. (Druk *Soek*)
4. Die bladsy met *Koppel 'n gemeente aan u profiel* sal verskyn.
5. Tik u selfoonnommer in.
6. Kies u gemeente.
7. Druk *Koppel hierdie gemeente*.



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.